education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 11

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2024

**TOTAAL: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van die vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die hoeveelheid goedere en dienste wat 'n werkers kan koop met die hoeveelheid geld wat hulle vir hul arbeid ontvang.

A Nominale loon
B Reële inkomste
C Kruideniersware
D Reële lone

1.1.2 Die geldwaarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land in 'n spesifieke tydperk geproduseer is.

A Bruto binnelandse besteding
B Totale inkomste
C Bruto binnelandse inkomste
D Bruto binnelandse produk

1.1.3 Dit kom voor wanneer mededinging produsente aanmoedig om produkte van goeie gehalte teen laer koste te produseer.

A Markdoeltreffendheid
B Allokatiewe doeltreffendheid
C Produksie
D Produktiewe ondoeltreffendheid

1.1.4 Individue en besighede besit die meerderheid van die produksiefaktore.

A Markekonomie
B Suid-Afrika se gemengde ekonomie
C Openbare sektor
D Oop ekonomie

1.1.5 Ekonomiese aktiwiteite wat die ontginning van grondstowwe uit die natuur behels. Dit bestaan uit nywerhede wat gebaseer is op natuurlike hulpbronne.

A Produksie
B Boerdery
C Primêre sektor
D Sekondêre sektor

1.1.6 Die voorraad/waarde van bates wat oor ‘n tyd opgehoop is of deur individue, besighede en die regering besit word.

A Kapitaal
B Vaste bates
C Rykdom
D Voorraad

1.1.7 Dit is NIE een van die kenmerke van ontwikkelende lande NIE.

A Hoë lewensstandaard
B Lae produktiwiteit
C Lae inkomste per capita
D Hoë afhanklikheid van die primêre sektor

1.1.8 Die rentekoers waarteen kommersiële banke, deur reserwebank, gehef word wanneer hulle geld leen.

A Primêre uitleenkoers
B Terugkoopkoers
C Inflasiekoers
D Groeikoers (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Rente | A Aktiwiteite soos uitgrawings vir bousand, oopgroefmynbou, ens. |
| 1.2.2 Bestedings-metode | B Boerderypraktyke, die bewerking van die grond vir die verbouing van gewasse en die grootmaak van diere om voedsel, wol en ander produkte te verskaf. |
| 1.2.3 Kapitalisme | C Dit doel is om onderwys en opleiding in Suid-Afrika radikaal te transformeer deur beide die kwaliteit en kwantiteit van opleiding te verbeter. |
| 1.2.4 Steengroef | D Fokus op staatsbesteding en belasting om totale vraag te stimuleer of te verminder. |
| 1.2.5 Landbou | E Ekonomiese ontwikkelingsbeleid wat daarop gemik is om armoede en ongelykheid teen die jaar 2030 uit te skakel. |
| 1.2.6 Gini-koëffisiënt | F Die geld wat deur alle sektore van die ekonomie bestee word en bymekaar getel is. |
| 1.2.7 NVOS | G Dit is die wiskundige voorstelling van ongelykheid in 'n samelewing. |
| 1.2.8 Fiskale beleid | H Die bedrag wat die produsent betaal as 'n prys vir die lening wat ontvang word vir die aankoop van kapitaalgoedere. |
| | I Die ekonomiese stelsel wat gebaseer is op private eienaarskap en winsmotief. |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, voorbeelde en akronieme sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die totale inkomste van permanente inwoners in 'n land oor 'n spesifieke tydperk en dit sluit die inkomste in van burgers van die land wat in ander lande gebaseer is.

1.3.2 ’n Situasie waar die private sektor en die regering saamwerk vir winste en gemeenskapsontwikkeling.

1.3.3 Die sektor van die ekonomie wat dienste verskaf en betrokke is by die vloei van goedere en dienste vanaf produsente na die verbruikers.

1.3.4 'n Beweging van inligting deur verskeie maniere soos selfone, telefone, posdienste, faks, internet, koerante, radio, televisie, sosiale media, ens.

1.3.5 Dit is die teruggee van grond aan die mense wat dit verloor het weens diskriminerende wette in die verlede.

1.3.6 Die verwydering van onnodige wette en regulasies om produksie en ekonomiese ontwikkeling aan te moedig.

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van belasting op produkte. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe verdien die primêre sektor buitelandse valuta vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MOONTLIKHEDE VIR 'N SOSIALISTIESE SUID-AFRIKA**




[Bron: www.bing.com/images/search?sosialisme]

2.2.1 Identifiseer die tipe ekonomiese stelsel in die spotprent hierbo. (1)

2.2.2 Noem EEN kenmerk van 'n markekonomie. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese stelsel*. (2)

2.2.4 Verduidelik kollektiewe ekonomiese doelwitte as 'n kenmerk van 'n sentraal beplande ekonomie. (2)

2.2.5 Hoe beïnvloed die gebrek aan vryheid van keuse huishoudings, die verbruikers van goedere en dienste, negatief? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'GROOT VERANDERINGE KOM VIR ELEKTRISITEITSPRYSE IN SUID-AFRIKA.'**

Ramokgopa wil die uitdaging van "energie-armoede" in Suid-Afrika aanpak, wat volgens hom voorkom wanneer 'n land se inwoners toegang tot elektrisiteit het, maar nie kan bekostig om daarvoor te betaal nie.

"Hulle moet kies of hulle die eenhede op prepaid (voorsfbetaalde krag) gaan herlaai, brood koop, of skoolgeld moet betaal. "Dit is moeilike keuses," het Ramokgopa gesê.

Ná verontwaardiging oor die munisipale elektrisiteitstariefaanpassings wat op 1 Julie 2024 in werking getree het, het die minister gesê hoë munisipale tariewe is as gevolg van voorsiene onderinvestering in elektriese verspreidingsinfrastruktuur.

[Bron: www.bing.com/news/search]

2.3.1 Identifiseer die tipe infrastruktuur in die uittreksel hierbo. (1)

2.3.2 Noem die staatsonderneming wat die hoofverskaffer van elektrisiteit in Suid-Afrika is. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *infrastruktuur*. (2)

2.3.4 Hoe beïnvloed die hoë verhoging in elektrisiteitstariewe die tersiêre sektor? (2)

2.3.5 Verduidelik die voordele van belegging in elektriese verspreidings-infrastruktuur op besighede. (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek doeltreffendheid en groter ekonomiese groei as voordele van 'n markekonomie. (4 x 2) (8)

2.5 Ontleed die Suid-Afrikaanse regering se gebruik van subsidies op produkte om bruto binnelandse besteding te verbeter. (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE bronne van rykdom. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe beïnvloed gemeenskapsvaardigheidsontwikkeling die samelewing se lewenstandaard? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GROEIKOERS – PERSENTASIE**




[Bron: tradingeconomics.com/Statistics South Africa]

3.2.1 Identifiseer die jaar en kwartaal met die hoogste groeikoers uit die grafiek hierbo. (1)

3.2.2 Gee EEN voorbeeld van ‘n beperking op ekonomiese groei. (1)


3.2.3 Beskryf kortliks die term *reële bruto binnelandse produk*. (2)

3.2.4 Hoe kan innovasie en tegnologiese verbeterings lei tot ekonomiese groei? (2)

3.2.5 Hoe het werkloosheid onder die jeug 'n negatiewe impak op ekonomiese groei? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN IS BESIG OM BINNE IN DIE REGERING TE MISLUK.**




[Bron:[https://www.googleimages.com/]

3.3.1 Identifiseer 'n Suid-Afrikaanse beleid vir ekonomiese groei en ontwikkeling. (1)

3.3.2 Noem EEN konseptuele pilaar van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *armoede*. (2)

3.3.4 Verduidelik die rol van die staat in die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP). (2)

3.3.5 Hoe dra die NOP positief tot Suid-Afrika by? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die belangrikheid van inheemse kennisstelsels in ekonomiese ontwikkeling. (4 x 2) (8)

3.5 Evalueer Suid-Afrika se ekonomiese groeiprestasie. (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE nadele van 'n gemengde ekonomie. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan direkte buitelandse investering gebruik word om ekonomiese ontwikkeling te verhoog? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NASIONALE REKENING AGGREGAAT** | **R miljoen** |
|---|---|
| 1. Vergoeding van werknemers | 3 274 980 |
| 2. Netto bedryfsurplus | 2 186 244 |
| 3. Verbruik van vaste kapitaal | 998 472 |
| **Bruto toegevoegde waarde teen faktorkoste** | **6 459 696** |
| 4. Belasting op produksie | 119 589 |
| 5. Subsidies op produksie | 24 036 |
| **Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse** | **B** |
| 6. Belasting op produkte | 696 351 |
| 7. Subsidies op produkte | 19 446 |
| **Bruto binnelandse produk teen markpryse (BBP)** | **7 232 154** |

[Bron: Kwartaallikse Bulletin, SARB, Maart 2024]

4.2.1 Identifiseer die term wat verwys na die waardevermindering van vaste bates in die tabel hierbo. (1)

4.2.2 Noem EEN ander metode wat gebruik word om die nasionale rekening te bereken. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *faktorkoste*. (2)

4.2.4 Verduidelik die impak van belasting op produksie op markpryse vir verbruikers. (2)

4.2.5 Bereken die bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse **(B)**.
Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Sal 'n belasting op rykes die probleem van uiterste ongelykheid in Suid-Afrika oplos?**

Suid-Afrika word wyd erken as die mees ongelyke samelewing in die wêreld, met 'n verstommende 71% van die land se rykdom wat in die hande van 'n skamele 10% van die bevolking is. Terwyl ons met hierdie harde werklikheid worstel, bevind ons onsself in 'n landskap wat deur sistemiese mislukkings ontsier is, waar elektrisiteit- en watertekorte voortduur, en die beloftes van ekonomiese geregtigheid soos verre illusies lyk.

Terwyl die instelling van 'n welvaartbelasting teoreties ongelykheid kan verminder, bied die praktiese realiteite in Suid-Afrika aansienlike struikelblokke. Korrupsie, ondoeltreffendheid en min politieke wil, ondermyn hervormingspogings.

[https://mg.co.za/thought-leader/Aug2024]

4.3.1 Identifiseer 'n metode van inkomste-herverdeling uit die inligting hierbo. (1)

4.3.2 Gee EEN voorbeeld van die Suid-Afrikaanse regering se kontantvoordele aan arm lede van die samelewing. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *progressiewe persoonlike inkomstebelasting*. (2)

4.3.4 Verduidelik hoe minimum lone gebruik word as 'n metode vir die herverdeling van inkomste en rykdom. (2)

4.3.5 Teken 'n benoemde grafiek om die tipiese verspreiding van 'n land se inkomste te toon. (4)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe bevoordeel die beskikbaarheid van spoorvervoer arm Suid-Afrikaanse pendelaars? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt sal wees om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek Bespreek /Krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word**.<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Lei af/ Vergelyk/ Onderskei/Stel voor/ Interpreteer/ Debatteer/Hoe<br>**‘n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteun inligting wat om die bespreking/analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail natuurlike hulpbronne as 'n produksiefaktor. (26 punte)
- Hoe suksesvol was die regering in die beskerming van die land se natuurlike hulpbronne? (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank as 'n sentrale bank. (26 punte)
- Hoe suksesvol was die Suid-Afrikaanse Reserwebank om inflasie binne sy teikenbeleid te hou? (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou